Sondag **21 Julie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 17:1-13**

**Fokus gedeelte: Jeremia 17:7 (AFR2020)**

**Wees vertroos as jy op die Here alleen vertrou**

Jeremia is die gestuurde profeet van God aan die volk Juda kort voor hulle ballingskap na Babilonië, wat 70 jaar sou duur as straf, maar ook as loutering as gevolg van hulle voortdurende sonde en afvalligheid. In die hoofstuk meld Jeremia ses van die sondes wat teen Juda aangeteken was, tog bevat ons teks van vandag net vier van die ses.

- *Afgodery* het hoogty gevier onder die volk van God in die beloofde land wat die Verbondsgod aan hulle geskenk het. Hierdie afgodediens en beelde het hulle lewens en land besoedel. In plaas daarvan dat die Wet van God op hulle harte gegraveer was, is hulle sonde nou ingeëts, totdat vergifnis gevra word.
- *Ongeloof* was die vrug van hulle sonde en praktyke wat veroorsaak het dat hulle meer op mense staatgemaak het as op God. So vergelyk die profeet dan ook die ongeloof wat uitloop op ’n dorre land teenoor die vaste geloof en vertroue wat uitloop op ’n vrugtevolle boom by n waterstroom. So sal die land van melk en heuning ook verander in ’n dorre verlatenheid sodra Juda in ballingskap gaan. Ongeloof was altyd vir die volk van God ’n probleem deur die geskiedenis en het hulle telkemale tot verval gebring (Num. 13-14).
- *Gierigheid* het hulle harte oorgeneem, die rykes het die armes uitgebuit. Geeneen het sorg gedra vir die ander nie, die hele volk het in verdeeldheid geleef en die howe was korrup. Jeremia gebruik in hoofstuk 6:13 ook ’n spreekwoord soos hier in vers 11 om die dwaasheid van gierigheid en rykdom aan te toon.
- *Veragting* van God het tot in die hoogste sale van Juda plek gevind. Selfs die troon van Juda was bevlek met sonde en skaamte in teen stelling met die troon van God wat skyn in heerlikheid. Juda het voor ’n verskriklike oordeel gestaan en die wat hulle rug op God draai, se naam sal in stof geskrywe staan om te vergaan met hulle.

As ons hierdie teks lees en oordink en luister na die sonde en dwalinge van God se volk, Juda, waar staan ons in die oordeel van God? Afgodery word so maklik deel van ons daaglikse bestaan wat ons so vinnig in ongeloof bring, omdat ons vertroue nie meer in ons Here geanker is nie. Gierigheid vir roem en besittings of rykdom raak so maklik die dryfveer van ons gedagtes en werke dat ons vinnig ons God verag omdat Hy vereis dat ons in ons besig wees vir Hom moet tyd maak.

Soet klink die woorde van Jeremia vir elke sondaar mens: “Geseënd is die man wat op die Here vertrou, wie se vertroue die Here is.”

*Sing: Psalm 1-2:1, 2*

*Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)*